# VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| So | 01/03 | **Flip Mostert,**. Wyk 5. |
| | | **Pieter Wentink (10),**Wyk 3 |
| Di | 03/03 | **Sophia Jooste (2).** Wyk 8 |
| Wo | 04/03 | **Loffie Eloff,** Wyk 9 |
| | | **Flippie Opperman,** Wyk 12 |
| Do | 05/03 | **Andries de Klerk,**. Wyk 7 |
| Vr | 06/03 | **Tom Chambers,**. Wyk 5 |

**Bede met meelewing** Skrifberyming 12-4 [81]: 1, 2, 3.

# VAN ONS SUSTERS

Die Susters was sommer lekker besig in Februarie!
Bestuursaksie, Jeugaksie
Nagmaalete, Fiksheidsaksie

Alles was so lekker! Baie dankie vir elkeen se deelname!

## Sustersaamtrek Wolmaransstad – Saterdag 7 Maart



Nou lê die Saamtrek in Wolmaransstad voor en die bus is gereël! Ons sal vroeg moet roer!

Ons vertrek om 05:45 vanaf Huis Eikelaan.

Onthou 4 Maart is dit weer RIBBURGERS



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 8 Sondag 1 Maart 2026
*Redakteur:* **Rudy van der Spoel** 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk 13 **Paul Schutte**
**Diaken:** Wyk13 **Riaan Schutte**
**Teebeurt: Wyke 6 & 7: Wyksusters is: Leané Landman en Anita Stavast**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***
**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND** Die sakrament van die doop word vanoggend aan **CJ**, die seuntjie van **Erick en Johané Reynecke** bedien. Ons bid Erick en Johané die seën van die HERE in die opvoeding van CJ en ook Maroné toe. Gaste van Erick en Johané is hartlik welkom in ons midde vanoggend!
**Woordbediening:** Deuteronomium 6.
**Fokusvers:** Deuteronomium 6: 4-8.
**TEMA:** *Die HERE ons God eis ons vir Homself heeltemal op om Hom alleen met alles lief te hê.*
**Sing:** Skrifberyming 2-2 [34]:1; Psalm 149:1, 2; Skrifberyming 12-3 [72]:1, 2; Psalm 79: 5, 6 (tweede melodie); Psalm 105:5; Psalm 81:1, 10, 11, 12.
**Sing met meelewing:** Skrifberyming 12-4 [81]: 1, 2, 3.

**AAND Woordbediening:** Handelinge 16:1-15.
**Fokusvers:** Handelinge 16:14,15.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 14.
**TEMA:** *God se genadewerk in die lewe van sy uitverkore kinders is uit en deur die evangelie - maak erns daarmee!*
**Sing:** Skrifberyming 11-1 [22]:1, 8, 9; Psalm 33:1, 3, 5; Psalm 119:39, 48; Psalm 89:1, 6; Psalm 33:11 (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir **Dep Jeugsorg** Volgende week: Dankbaarheidsfonds
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Susan Coetzee** word môre weer in Unitas hospitaal opgeneem vir 'n prosedure. Ons bede is dat die uitslag gunstig sal wees en sy steeds meer haar gesondheid sal terug ontvang.

**Suzie Marais** ondergaan vir ses weke bestraling in Klerksdorp. Sy en Karel het die afgelope week in Klerksdorp oorgebly en sal ook in die komende week weer in Klerksdorp oorbly. Ons is dankbaar dat Suzie en Karel met dankbaarheid getuig van die Here se genade.

**André Joubert** is nog steeds in die Zuid-Afrikaans Hospitaal waar 'n aantal toetse op hom gedoen word. Ons verseker André van ons voorbidding vir hom; mag hy as 'n resultaat van die toetse uit die hand van ons Here lewenskwaliteit ontvang.

**Marinda Snyman** is Donderdag in Mediklinieк opgeneem nadat sy verlede Vrydag 'n epileptiese aanval gehad het (die eerste sedert 1999). Sedertdien het sy komplikasies gehad. Ons bede is dat die internis met wysheid gelei sal word om die regte behandeling te gee dat Marinda weer goeie lewenskwaliteit mag geniet.

**Joey Potgieter** ondergaan die laaste tyd weer'n aantal toetse in aanloop tot haar afspraak met die onkoloog teen die middel van Maart. Ons verseker Joey van ons voorbidding vir haar. Mag sy elke dag lewenskrag en lewenskwaliteit van ons Here ontvang.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKING**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe! **Donderdag 5 Maart** is **Frikkie en Erna Venter 32 jaar getroud.**

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Ma | 02/03 | 08:30 | Teologiese Studente | Bovertrek |
| Di | 03/03 | 09:15 | Opening: Teologiese Skool | TSP |
| | | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch- Bult |
| | | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 04/03 | 08:00 | **RIBBURGERS** | **KERKSAAL** |
| | | 18:00 | Bybelstudie (2 Korintiërs, Studie 7b) | Konsistorie |
| Do | 05/03 | 10:30 | Bybelstudie 2 Korintiers | Kerksaal |
| | | 12:00 | Volwasse kategese | Kerksaal |
| Sa | 07/03 | 05:45 | **SUSTERSAAMTREK** | Wolmaransstad |

| **KATKISASIE** | **Sondag 1 Maart** | **Sondag 8 Maart** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 5 | Les 6 |
| **Lesrooster:** | Genesis 24 | Genesis 28 |
| **Psalmvers:** | Psalms 62: 5 | Psalm 62: 5 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 33 | Sondag 34a |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 6 | Eksodus 20: 7 |

**BYBELSTUDIE**

Bybelstudiebyeenkomste die komende week:

- Bybelstudie by Huis Eikelaan vind Dinsdagmiddag om 15:00 in die Rooi Sitkamer plaas. Almal is welkom.
- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 7b van prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs 1 en verder bestudeer.

U is baie welkom om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 6 en 7 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



## RIBBURGERS

Ons beplan om vir
**Woensdag 4 Maart**
'n klompie **RIBBURGERS** te maak
@ R 40 per burger.
U is welkom om u bestellings voor of op




***Maandag 2 Maart***
deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903
of aan
Jannes 072 224 7181
of Pieter 018 294 4600
by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.

Indien u 'n bydrae wil maak, kontak asseblief ds Jannes of Yolandé

## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta,

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*